

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 13

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Rus... aan die Kruis

Dit is opmerklik dat die Bybel in Joh. 19:30 sê: "En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee." Die dood het Jesus nie skielik en onvoorbereid gevang nie. Die dood het Hom nie vasgegryp nie. Sy dood was 'n daad. Hy het doodgegaan, want daarvoor het Hy gelewe — om te sterwe. Wonderlik ryk is die inhoud van God se Woord juis op hierdie punt. Daar staan geskrywe dat Hy sy hoof gebuig het.

Om dit ten volle te verstaan, moet ons terugblaai na Lukas 9:58 waar staan: "Die jakkalse het gate en voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie."

Dit verwys na Jesus se armoede, maar meer nog — dat Hy werk gehad het om te volbring en Hy was haastig om dit klaar te kry. Oral is Hy tot arbeid geroep, sodat daar geen stilstand of rus vir Hom is nie... totdat...

Totdat Hy aan die kruis vasgespyker is. Eers aan die ruwe vloekhout kan Hy sy hoof neerlê, wanneer Hy sy hoof dáár buig, want dieselfde Griekse woorde word in albei hierdie tekste gebruik. Geen rus vir Jesus vóór die kruis nie. Dit was die hoogtepunt en doel van sy lewe. Aan die einde van die kruislyde, as alles volbring is, vind sy hoof rusplek aan die kruis.

Dit is dan 'n fontein van troos vir die gelowiges van alle tye en plekke. Ook vir ons vandag, in hierdie gejaagde rustelose lewe.

Daar is rus by Jesus. Nie meer hoef ons te swoeg en te sweet in 'n poging om God se wet te volbring om ons skuld teenoor God te betaal nie. Al swoeg jy vir ewig, sal jy dit nooit behaal nie. Sondaarmens, jy begin deur te glo in Jesus, deur in Hom te rus, want Hy het die stryd volstry, die taak volbring, aan God se wil voldoen en God se toorn gestil — vir jou en vir my!

Só begin ons week met die Rusdag en al ons ander dae is toewyding aan God en vreugdevolle diens van dank.

D. Kempff

Fonteintjie... ek sal nooit...

"Ai, watter heerlike joligheid was dit nie gisteraand op die partytjie by die van der Merwes nie! Dit was mos LEWE! Die drankies was volop en die vrouens so gewillig! En die kostelike grappe wat so was dat baie vroue gebloos het! Ja, dit is mos lewe! Dis so anders as die dooie leefwyse wat my ouers in my jeug gehad het. Altyd maar ernstig en suur en altyd maar kerk toe Sondae. Nee, as ek so terugdink, dan sê ek: "Fonteintjie, nooit weer drink ek uit jou nie...."

Was dit miskien al u gedagtes as u laat op 'n Sondagmôre wakker word na so 'n vrolike partytjie? Hoe heerlik om nou in die bed te lê en rus, nie uitgejaag te word om klaar te maak vir kerk en dan 'n uur lank in 'n bedompige kerkgebou te gaan sit nie. 'n Bietjie later opstaan en miskien aan my kar gaan werk, of miskien iewers gaan piekniek hou. Wat 'n heerlike vooruitsig!

'n Verligte tyd

Nee kyk, gelukkig is daardie tyd verby dat die mense alles so ordentlik en formeel gedoen het. Nou leef ons darem in 'n verligte tyd waar elkeen sy persoonlikheid ten volle kan uitleef soos hy dit lekker vind. Gelukkig is daardie tyd verby dat die klomp mense "van aansien" alle seggenskap gehad het en onskuldige ou dingetjies soos dans, drankies maak en flirteer met ander vrouens uit die hoogte veroordeel en daarin geslaag het om dié wat daaraan skuldig is, aan die skandpaal te hang.

Ja-nee, fonteintjie, nooit weer sal ek jou waters drink nie. Ek sal my eie lewe leef soos ek graag wil en my nie laat voorskryf deur 'n ou klomp suurknolle nie!

Dit kan met u gebeur

U wat tot hier met instemming gelees het — het u al mooi nagedink oor die lewe en wat die betekenis daarvan is? Onthou, u is nou nog gesond en voorspoedig. U kan die lewe "geniet" soos u dit goeddink, maar lees maar u koerante, luister na die nuus oor die radio en kyk wat gebeur elke dag met ander mense. Mense wat net soos u dink en redeneer en optree en dan skielik oorval word deur 'n siekte, of in 'n motorongeluk hulle bene of arms of oë verloor.

Dis nou nog ander mense wat so iets oorkom, maar sal dit altyd net ander mense wees, of kan dit nie dalk môre met u gebeur nie? Diep in u binneste weet u dat dit dalk more met u kan gebeur. As u nie meer die lewe kan geniet soos u wil nie, wat gaan u dan doen? Wat gaan die lewe vir u beteken as u miskien sonder bene vir die res van u lewe in 'n rystoel moet rondgestoot word?

Moenie probeer weghardloop van hierdie gedagte af nie. Dit sal niks help nie, want so 'n dag kan vir u aanbreek!

Dink terug

Dink terug aan u ouers en stel u hulle omstandighede vir u voor. Onthou u, toe u nog 'n kind was, daardie groot ramp wat u ouers getref het toe een van hulle kinders gesterf het, of toe die swaar jare van die depressie oor hulle gekom het, of toe die aanhoudende droogte hulle gebreek het en hulle stad toe moes vlug? Het hulle toe op moederverloor se vlakke gaan sit en u en ander broers en susters maar aan verwaarlosing oorgelaat, of het hulle toe met bo-

menslike moed en volharding deurgedruk, al was dit hoe swaar, en vorentoe gebeur en u versorg en gehelp, sodat u vandag 'n goeie lewe kan hê? Beantwoord maar hierdie vraag eerlik vir uself!

Ja, u weet dat hulle so kon moed hou en aanhou omdat hulle gedrink het uit daardie fonteintjie; omdat hulle vertrou het dat hulle 'n Vader in die hemel het wat vir hulle sal sorg. U het mos ook al kinders? As so 'n ramp u gaan tref, gaan u ook so moedhou en aanhou, of gaan u dan maar tou opgooi ?

Die Fontein van die lewe

U weet wat die antwoord is.

U sien al hoe u kinders verwaarloos en uiteindelik totaal versleg! Dit omdat u nie die moed gehad het om vorentoe te beur nie! Omdat u nie die moed gehad het om oor die teëspoed te kom nie en dit omdat u nie drink van daardie FONTEIN VAN DIE LEWE nie!

Wil u steeds sê: "Fonteintjie, ek sal nooit weer nie...", of wil u maar liever terugkeer? Moenie wag nie, anders kan dit te laat wees!

Keer terug na die Fontein, soek weer die Bybel, en lees in die evangelie van Johannes in hoofstuk 4 se eerste gedeelte van die ware waters wat ook u nodig het! Blaai dan sommer verder na hoofstuk 10 se eerste gedeelte. Lees daar van die Goeie Herder. Kyk, Hy roep u ook vandag om aan sy kudde te behoort. Aan sy kudde gee Hy waarlik "lewe en oorvloed" (vers 10). Hy wil dit ook vir u gee — lewe en oorvloed. Nie net wanneer u gesond en voorspoedig is nie, maar veral ook as daardie ongeluk u sou tref.

U weet mos waar die kerkgebou is? Gaan volgende Sondag weer daarheen en luister wat daar gebeur. U sal hoor wat waarlik LEWE en OORVLOED is en wat u moet doen om ook daardie LEWE en OORVLOED te kry!

J. C. Lessing

Speedy Jo, ek praat met JOU!

Hi, julle lekke ouks daa,
kom lyste ees gou wat
hiedie
ou vi Speedy Jo wil ve'tel.

In helder, geel letters, op die rug van jou leerbaadjie, onder 'n vlieënde man, daar staan jou naam:

Speedy Jo

Jy dra bloedrooi sokkies. 'n Denim sluit donkerblou om jou kuit. Jy het 'n donkerrooi T-hemp aan. Teen die kroegpaal staan jy hande-in-

die-sak geleun. Die kougom bring jou mond reëlmatig op en af. Jy kyk die verbygangers brutaal aan en in jou blik lê die vraag: wat kyk julle na my? Ek lek nie; ek kruip nie. Ek dink nie soos 'n muis nie,

Ek dink soos 'n man!

Roekeloos vleg jy deur die druk verkeer. Met jou motorfiets gehoorsaam jy geen verkeersreël nie. Vas teen jou rug lê jou meisie. Haar hare waai wild in die wind. Jy's waaghalsig en hard. Jy is vir geen duiwel bang nie. Jy trotseer selfs die dood! Dit is nie die daad van 'n muis nie.

So doen 'n man!

In die kroeg op die hoek staan julle om die bierglase gedrom. Jy lag daar luidrugtig en skel. Ek hoor jou onverskrokke vloek. Dis nie die taal van 'n lamsak nie.

So praat 'n man!

Speedy Jo, miskien het jou pa en jou ma jou nooit geleer van God nie. In die Bybel sal jy lees wat God van jou dink. Jy glo jy dink soos 'n man, maar God sê: Hy wat niks dink van homself nie, hy wat dien soos 'n kneg, dit is 'n man. (Luk. 22:24-30) Jy dink nie soos 'n man nie.

Jy dink soos 'n kind!

Waarna jaag jy? Jou roekeloosheid en jou geflankeerdery — so doen geen man nie. God sê : Jaag na My en gryp die ewige lewe, dit doen 'n man. (Filip. 3:8-21) Maar jou daad is

Die daad van 'n kind!

Speedy Jo, jou vloek en jou lag is nie die taal van 'n man nie. God se man is hy wat sy woorde tel en by God bid vir krag. (Jak. 3:1-12) Speedy Jo,

Jou sterkte lê in God se krag!

Speedy Jo,

glo jy in Jesus Christus ?

Slegter mense as jy en jou dagga-“gang” is al deur Jesus Christus uit die modder van hierdie wêreld gered.

Bekeer jou van jou bouse weë; dan is daar hoop vir jou.

N. Droomer

HOE LATER

HOE KWATER

As daar iets met u motor verkeerd is, sal u maar aanhou ry totdat dit breek, of sal u dit voor die tyd laat herstel? Baie mense het al die dure ondervinding gehad dat dit nie betaal om met die herstelwerk onnodig te wag nie. 'n Klein foutjie word later 'n groot fout.

As u geneesheer sê dat u 'n klein operasie moet ondergaan om u van u kwaal te genees, sal u dit maar uitstel totdat dit 'n groot operasie beteken? Daar is ook mense wat dit gedoen het. Van hulle het dit so lank uitgestel dat die begrafnisondernemer die verdere reëlings moes tref.

'n Mens sou sê: ag, as daar tog maar eerder werk van gemaak was.

My verantwoordelikheid

Is u lewe in orde? Ek bedoel nie dat u u huisgesin goed versorg of dat u 'n groot polis op u lewe uitgeneem het nie. Ek bedoel hoe u voor God staan — hoe is u sonde in u lewe en nie maar die sonde in die algemeen nie — u eie, spesifieke sonde. Ons kan nie wegkruip agter die feit dat almal sonde doen nie.

My sonde is **my** verantwoordelikheid. As ek 'n motorongeluk maak, is ek die een wat daarvoor verantwoordelik gehou word. Die feit dat honderde ander mense elke dag ongelukke maak, is geen verskoning vir my nie. As ons nie padveiligheid voor oë hou nie, sal die ongeluksyfer styg. As ons nie teen die sonde stry nie, sal dit al hoe erger word.

'n Waarskuwende voorbeeld

So was dit in die lewe van Saul. Aanvanklik het hy nogal mooi karaktereienskappe getoon. Hy was so nederig dat hy weggekruip het toe hy as koning gesalf moes word. Nadat hy gesalf is, het hy gewoonweg net soos sy onderdane huis toe gegaan. Toe het hy in sy haas gesondig deur self te offer, terwyl dit slegs vir 'n priester toelaatbaar was.

Hy het geweet dat hy gesondig het en Samuel het hom bestraf. Hy het geen berou gehad oor sy sonde nie en dit ook nie erken of om vergiffenis gevra nie. Miskien het hy hom getroos met die gedagte: "Ag, almal doen maar sonde." Met Saul het dit van kwaad tot erger gegaan — geen berou — geen stryd teen die sonde, totdat hy sy hand aan sy eie lewe geslaan het.

Teenoor sy lewe staan die van Dawid. Dawid het ook gesondig. Hy het diep geval, maar hy het geweet wat berou is. Lees Ps. 51. Hierin sien ons hoe groot sy berou was. Hy het teen die sonde gestry — daarteen geworstel met alle mag en die Here het hom in genade aangeneem — hom sy kneg genoem.

Saul het uitgestel. Dawid het gestry.

Sal u, u motor laat herstel, daardie operasie vroegtydig ondergaan en tog weier om teen die sonde in u lewe te stry — geen berou te hê nie, maar voort te gaan?

Alleen 'n dwaas sal dit doen.

Onthou: HOE LATER HOE KWATER.

W. L. Kuperus

Hierdie man ontvang sondaars...

"Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle."

Dit is die beswaar van die Fariseërs en skrifgeleerdes teen Jesus Christus, want al die tollenaars en sondaars het die gewoonte gehad om na Hom te kom en na Hom te luister. As hulle kom, ontvang Hy hulle; gaan saam met hulle in hul huise en eet saam met hulle.

Slegte mense

Dat Jesus dit kon gedoen het, was vir hulle te veel, want die tollenaars en sondaars was in die oë van die Fariseërs en Skrifgeleerdes die "slegte" mense. Die tollenaars het die Romeine gehelp om die belasting by die Joodse volk in te vorder. Hulle was handlangers van die vyande en onderdrukkers van die volk. Daarby was hulle oneerlik. Baie van hulle het met hulle oneerlikheid ryk geword.

Die sondaars was eintlik nog slegter mense as die tollenaars. Die Heilige Skrif stel die sondaars gelyk aan die hoere — die slegste vroue wat daar is. Die sondaars het waarskynlik in growwe sondes gelewe.

Tollenaars en sondaars — die slegste mense. Met hulle hou Jesus Hom op; met sulke mense gaan Hy om! Sulke mense ontvang Hy en eet saam met hulle! 'n Mens word aan jou vriende geken. As Jesus Hom met sulke mense ophou, dan is Hy ook so. Daarom het hulle beswaar teen Jesus Christus. Daarom kan hulle, wat goeie mense is, Hom nie aanneem en in Hom glo nie.

Nou het u die beswaar van die ongeloof teen Jesus Christus. Hy is 'n "slegte" Man.

Die Kerk is so en so

Vandag is daar ook nog mense wat besware het teen die Bybel en die Kerk. Die Bybel is outyds en te eng. Die Kerk is so en so. Kyk, wie is ouderling of diaken. Ons ken hulle mos. Ons sien nie kans om saam met hulle kerk toe te gaan nie. Dit is die ou beswaar van die ongeloof teen Jesus Christus: dit is slegte mense met wie Hy omgaan.

Die Kern van die Evangelie.

Hierdie Man ontvang sondaars en eet saam met hulle. Min het die Fariseërs en Skrifgeleerdes gewet dat hulle met hierdie woorde die kern van die evangelie van die genade van Jesus Christus uitdruk. Dit is wat die evangelie is: hierdie Man ontvang sondaars en eet saam met hulle.

Hy doen dit nie, omdat Hy-self 'n "slegte" Mens is nie. Hy doen dit, omdat Hy gekom het om te red wat verlore is. Die wat verlore is, is juis "slegte" mense. Van die slegte mense — van tollenaars en sondaars — maak Hy goeie kinders van God. Hy het hulle sonde op Hom geneem en daarvoor betaal aan die kruis op Golgota. In hul harte werk Hy geloof in Hom.

Dan word die loflied van die geloof uitgedruk met dieselfde woorde: hierdie Man ontvang sondaars en eet saam met hulle. Hy is nie te hoogmoedig om Hom met sondaars te meng nie. Hy is nie vir hulle skaam nie. Hy verstoot hulle nie. Hy ontvang hulle wat hulself as sondaars voor God leer ken het. Dan is hulle dankbaar en bly en juig. Hierdie Man ontvang sondaars en eet saam met hulle. Hy ontvang hulle aan sy nagmaalstafel.

Is daar beswaar in my hart teen Jesus Christus — dan is daar ongeloof.

Is daar dankbaarheid en blydschap in my hart teen Jesus Christus — dan is daar geloof.

I. J. Lessing

My vrou en ek gaan skei

Hier is my hand. Jy voel seker maar ellendig oor die hele besigheid, maar... jy voel dit kan nie anders nie. Saam met so 'n vrou kan 'n mens nie leef nie. Veral die laaste tyd het sy jou lewe vergal (en jy hare). Julle ken geen vrede of geluk meer nie en nou hoor ek julle gaan skei.

Jy dink aan jou kindertjies wat jy liefhet. Ná die hofsaak sal hulle seker van jou weggeneem word. In jou verwarde drome en slapelose ure sien jy smekende gesiggies voor jou. Betraande ogies. Pleitende handjies. Jy gaan hul lewens verwoes, maar, sê jy, dit kan nie anders nie. Tog voel jy soos 'n Judas — jy verrai onskuldige bloed.

Vroeër was dit anders

Vroeër was dit anders. Julle het mekaar liefgehad, voor die preekstoel trou aan mekaar gesweer en voor God die heilige belofte afgelê (onthou jy nog?) — die belofte wat julle nou gaan verbreek in die egskeidingshof.

Nee, ek wil nie jou vrou goed praat nie. Julle het seker maar albei skuld daaraan. Miskien het jy vooraf geweet dat sy 'n losbandige, kerklose meisie was, maar dit kon jou nie skeel nie. Nou het die storm oor jou huis gegaan en dit het geval.

Waarom ?

Weet jy hoekom? Daar is baie oorsake, maar die grootste: omdat God nie in jou huis gewoon het nie. Omdat jy jou godsdiens en Christelike beginsels vir die honde gegooi het. Omdat jy nie jou huis van die begin af op Christus, die rotsfondament, gebou het nie, maar op sand. Omdat jy die woorde van Christus vir 'n grap geneem het waar Hy in Mattheüs 7 : 26 sê:

"En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie **doen** nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het geval, en sy val was groot."

Daarom moes jy dit verwag het. Omdat Christus nie in jou huwelik was nie, sou die satan daar inkom en alles verwoes.

Het jy al dit probeer?

Ek probeer net raad gee. Het jy al ernstig tot God gebid dat Hy julle huwelik red? Het jy al in jou Bybel gesoek na troos en lig? Het jy al saam met jou vrou hieroor probeer bid? Het julle al jul harte gaan uitpraat met jul predikant wat baie graag wil help?

Die saak is nie verlore nie. God wil jou huisgesin red as jy maar net wil luister! Die wat na Hom kom, sê Christus, sal Hy nooit uitwerp nie. Hy het gesterf, ook om jou huwelik te reinig met sy versoeningsbloed. Uit die hemel klink sy magswoord in jou ore: Julle is een vlees. "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Matt. 19:6).

Gaan jy en jou vrou nogtans skei?

W. J. Maritz

IS U VERDWAALD?

Onlangs het ek 'n verhaal gelees van 'n man wat in die sneeuvlaktes van Noord-Kanada verdwaal het. Laat die middag het hy iets gesien wat sy hart van blydschap laat spring het: voor hom in die sneeu was vars voetspore. Hier was nuwe hoop — waar voetspore is, moet mense wees. So vinnig as sy uitgeputte kragte hom kon dra, het hy die spore gevolg.

Dit het laat geword. Die skemer het vinnig oor die yskoue vlakte begin toeslaan. Dit sou gou moeilik word om die voetspore te sien. Meteens bemerk die man 'n sneeuformasie reg voor hom waar hy vroeër die middag verbygedwaal het. Toe het hy besef dat dit sy eie voetspore van vroeër is wat hy volg.

Ken u hom?

Ken u hierdie man? Is dit nie miskien u eie lewensverhaal hierdie nie? Alleen op die wêreld. Die son het uit die lewe verdwyn. Dit word laat. Die nag van die ewigheid skemer aan, maar u het nog nie die pad gevind wat huis toe lei nie? Geen lig êrens in 'n venster wat vriendelik wink en sê hier is lewe nie?

Volg u u eie spore, of erger nog, dwaal u voort sonder om te besef dat u in 'n sirkel loop? Hier is raad vir u.

Die pad huis toe

Is daar vir u 'n woning êrens? Die Bybel sê: "Die ewige God is 'n woning." (Deut. 33:27). In hierdie lewe is die kerk en die gemeente die woning van God. (1 Kor. 3:16). In die ewigheid, na hierdie lewe, berei Jesus vir sy gelowiges plek in die ewige Vaderhuis met sy baie wonings. (Joh. 14:2).

Langs watter weg moet ons die woning bereik? Jesus sê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." (Joh. 14:6).

Hoe verlore?

Omdat die nag naby is, miskien nader as 'n mens dink, is dit nodig om vas te stel hoe verlore u is. Is u 'n verlore seun? Die verlore seun het self teruggekeer na die vaderhuis. (Luk. 15:18).

Is u 'n verlore skaap?

Die verlore skaap moet gesoek word, maar hy kan darem nog blêr, sodat hy makliker gevind word. (Luk. 15:4-7).

Is u 'n verlore penning?

Die verlore penning is stom — hy lê waar hy verlore geraak het. Hy is sonder reaksie en as hy nie met 'n lamp en 'n besem gesoek word nie, sal hy ewig in sy verloreheid bly. (Luk. 15: 8, 9). In elke geval is daar blydschap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer. (Luk. 15:7, 10, 32).

Soek my, bring my

Is u verdwaald? "Die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is." (Matt. 18:11).

Bid daarom daagliks hierdie gebed:

Heer, ek is 'n skaap verlore, in die wildernis verdwaal. U, my Heer en Herder,
bid ek dat U my tog wil kom haal. Soek my, bring my weer,
u dienaar wat in al sy harteleed en in al sy teënhede u gebooie nie vergeet.
— Ps. 119:63.

P.W.B.

